IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

**NIE RAPPORTEERBAAR** Saaknr: A615/2006

In die saak tussen: DATUM:16/1/2008

**MANDLA SUIIKER NGOBENI** Appellant

En

**DIE STAAT** Respondent

UITSPRAAK

appellant het in die Nelspruit Streekshof tereggestaan op 'n klagte van moord. Hy is nie verteenwoordig nie en is op 15 Junie 2004 skuldig bevind aan moord en gevonnis tot 10 jaar gevangenisstraf.

Verlof teen beide skuldigbevinding en vonnis is deur die Hof a *quo* toegestaan.

Die voorval het plaasgevind te Hoi Trust op 28 Desember 2002 en alhoewel die klagstaat aanvanklik die datum as 28 November 2002 aangedui het, is dit later gewysig en niks draai om hierdie aspek nie.

ellant is nie verteenwoordig nie en sy pleitverduideliking het bestaan uit 'n algehele ontkenning van die voorval.

**Thoko Felicia Zitha** was die Staat se eerste getuie. Sy het getuig dat sy die betrokke dag op pad was van haar huis na die van haar oom en toe sy verby 'n sportsveld gestap het, het sy gesien dat daar ongeveer 5 mans was wat in 'n argument betrokke was oor geld. Sy sien toe dat een van die mans haar oom was en die ander die appellant en sy getuig dat haar oom deur die appellant een keer op sy skouer deur 'n stok geslaan is, dat die stok gebreek het en dat die appellant dan 'n mes uitgehaal het (sy kon nie getuig van waar nie) en haar oom een keer in sy linkerbors gesteek het en toe weggehardloop het. Sy getuig dat haar oom vir omtrent 10m agter die appellant gestap het en toe neergeval het. Hy is deur July Silinda na die kliniek geneem.

Onder kruisverhoor het die appellant die voorval ontken en het die volgende opmerking gemaak:
*"Ek het geen verdere vrae, ek sal maar later verduidelik wat het gebeur"*

Ten spyte daarvan dat die Landdros weereens die gevolge van kruisverhoor aan hom verduidelik en het die appellant die volgende gesê :
*"Ek sal vrae aan haar nog hê, nadat ek my verweer openbaar het of nadat ek gesê het wat my verweer is.* "

Kruisverhoor het wel egter plaasgevind maar geensins afbreuk gedoen aan die getuienis van die getuie nie en het die appellant sy weergawe aan Zitha gestel. Wat hy gesê het, is dat hy en die oorledene by 'n smokkelkroeg baklei het en die oorledene hom met 'n mes probeer steek het. Hy het toe weggehardloop na sy huis toe en na ongeveer 'n uur het die getuie (Zitha) met 'n ander vrou en die oorledene se minnares opgedaag en hom uit sy huis geroep. Toe hy uitgaan was die oorledene daar en het hy 2 stokke gehad. Die oorledene het hom met die stok geslaan wat gebreek het en Zitha het die appellant toe met 'n klip geslaan. Hy en die oorledene het toe gestoei, die appellant het na die oorledene se hand gegryp wat die mes gehad het, hom weggestamp en toe weggehardloop. Hy stel dat dit die einde van die voorval was.

Dit is alles deur Zitha ontken.

Die volgende Staatsgetuie is Christinah Ngomane wie getuig het dat sy op 28 Desember 2002 te Hoi Trust die oorledene gesien het ongeveer 16hOO. Hy het gestap op pad na sy huis toe. Sy het ook gesien dat iemand by die oorledene aangesluit het en met hom gepraat het en sy wys toe die appellant uit as die man. Sy het getuig dat daar ander mans by was, maar kon nie sê hoeveel nie. Sy sien toe die appellant die oorledene met 'n stok slaan op die skouer en toe sien sy dat hy "...*iets gehad het wat beweeg het met die steek posisie"*

appellant stap toe weg en verby die hek van haar perseel, en sy sien dat hy 'n mes in sy hand het. Sy sien ook dat die oorledene stap agter die appellant aan en neerval en toe hardloop die appellant weg. Sy het ook die eerste Staatsgetuie daar gesien maar het haar nie daar gesien toe die oorledene met die stok geslaan is nie en weet nie wanneer sy by die toneel aangekom het nie.

Tydens kruisondervraging het sy getuig dat sy nie gesien het hoeveel keer die appellant die oorledene met die mes gesteek het, maar dat sy wel gesien het dat
hy hom op die bors gesteek het, maar waar op die bors kon sy nie oor getuig nie.

Die stellings wat aan Zitha gemaak is, is glad nie aan Ngomane gemaak nie en dit is ten spyte van die feit dat die appellant voor kruisondervraging 'n aanvang geneem het weereens herinner is oor die doel van kruisondervraging.

Die volgende Staatsgetuie was July Silinda . Hy het getuig dat op 28 Desember 2002, is hy versoek om die oorledene na die Mangweni Kliniek te neem vir behandeling. Hy het die oorledene vervoer na die kliniek en was hy nog lewendig op daardie stadium gewees. Hy het hom by die kliniek afgelaai en hom oorgelaat aan die sorg van die personeel van die kliniek.

appellant het die verklaring van Ouma Johanna Sibiya. Die verpleegkundige by die Mangweni Kliniek erken. Dit was ten aansien van die ontvangs van die oorledene en sy versending na die Tonga Hospitaal. Hier het die volgende interaksie tussen die appellant en die Landdros plaasgevind:

*"HOF: Net vir die rekord doeleindes meneer bevestig u weer dat u pas aan die hot te kenne gegee het dat u die inhoud van hierdie verklaring erken* as *korrek en relevant tot die verrigtinge?*
*BESKULDIGDE: Ek kan die nie betwis nie want ek het dit nie gesien nie.*
*HOF: Ja die vraag is* of *u die inhoud van hierdie verklaring erken* as *korrek en relevant tot die verrigtinge?*
*BESKULDIGDE: Ek betwis dit nie"*

Dit blyk uit die uitspraak van die Hof a quo, dat die verklaring wel aan die beskuldigde vertolk is deur die tolk.

**Dr** Maseko het toe kom getuig dat sy op 22 Desember 2002 'n pasiënt ontvang het te Tonga Hospitaal met 'n steekwond in die bors. Sy het getuig dat die pasiënt ontvang is vanaf Mangweni (synde die kliniek) maar dat die pasiënt reeds op ontvangs oorlede was. Sy kon nie die identiteit van die oorledene onthou nie. Bewysstuk B is toe ingehandig wat van geen waarde is nie aangesien die identiteit van die oorledene nie verskyn op die dokument nie.

**Dr** Maree het toe kom getuig dat hy 'n distriksgeneesheer is en hy het op 30 Desember 2002 'n lykskouing op die oorledene gedoen. Hy het getuig dat die oorledene oorlede is as gevolg van "... *bloedverlies in die regter borskas holte vanuit 'n raakgesteekte hart en long* as *gevolg van 'n steekwond van die borskas."* Die verslag is as Bewysstuk C ingehandig.

Die Staat se saak is toe gesluit en die Hof het die appellant se regte aan hom verduidelik wat betref sy saak en plaas van getuienis voor die hof. Die reg van

stilswye is ook verduidelik en die gevolge daarvan. Dit is twee keer gedoen aangesien dit blyk dat die appellant nie sy regte aanvanklik verstaan het nie.

appellant het toe besluit om te getuig. Sy getuienis was, onder andere, dat die oorledene mense na sy huis gestuur het om hom (dit is die appellant) te kom haal. Dat, terwyl hulle op pad was na die oorledene toe, hy aangestap gekom het en die appellant aangerand het. Toe hy probeer wegkom, het die oorledene se neef hom met 'n klip bygekom en het die oorledene toe die appellant met 'n mes gesteek. Dit blyk, uit die getuienis, dat daar 'n geskiedenis tussen die oorledene en die appellant was.

Interessant genoeg, is dit die eerste keer wat hierdie betrokke weergawe sy voorskyn gemaak het. Hierdie betrokke weergawe is nooit aan of Zitha of Ngomane gestel nie.

Tydens kruisondervraging is die verhaal ietwat uitgebrei en dit het geblyk dat die appellant se weergawe was dat hy en die oorledene mekaar ".. *.by 'n sekere huis by 'n kroeg gesien"* het en dat hulle rusie gehad het. Die oorledene het toe 'n mes uitgehaal en die appellant daarmee probeer steek, maar ander mense het hom gekeer. Hy getuig ook (vir die eerste keer) dat hy dronk was.

Hy getuig toe verder dat hy wel die betrokke dag Zitha gesien het en dat sy hom met 'n klip *"gekap*" het. Hy getuig verder dat die oorledene hom onder sy oog met die mes gesteek het. Hy het geen getuies geroep nie en sy saak gesluit.

Al die getuienis is behoorlik opgesom deur die voorsittende Landdros wie tot die bevinding gekom het dat die twee ooggetuies geloofwaardig was en dat hulle getuienis mekaar in alle wesentlike opsigte staaf.

Hy kom verder tot die gevolgtrekking dat die appellant se weergawe deurspek is met onwaarskynlikhede, dat die appellant verskeie weergawes gehad het en dat die weergawe van die beskuldigde nie redelik moontlik waar kan wees nie.

Met die besondere gevolgtrekking stem ek saam.

Die vraag is nou egter die volgende: Silinda het die oorledene afgelaai by die Mangweni Kliniek maar vanaf daardie punt tot en met sy oorlye en die lykskouing is daar 'n algehele gebrek aan getuienis. Die volgende getuienis is die verklaring van Sibiya, die verpleegster, en dan die lykskouingsverslag op 30 Desember 2002. Tussen in is daar niks nie.

Die vraag is of die gebrek aan getuienis fataal is vir die Staat se saak.

Wat wel vasstaan is dat Sibiya die oorledene na Tonga Hospitaal gestuur het en dat die lykskouing op die oorledene gedoen is en die oorsaak van sy dood stem ooreen met die getuienis oor die voorval en die meswond wat die oorledene op 28 Desember 2002 toegedien is deur die appellant.

Namens die appellant is betoog dat :

1. die verklaring van die persoon wat die lyk aan die Distriksgeneesheer geidentifiseer het nie in die rekord vervat is nie en daar is geen getuienis daaromtrent gelei nie;

2. Dat die appellant se regte ten aansien van regsverteenwoordiging nie behoorlik aan hom verduidelik is nie;

Wat die aspek van regsverteenwoordiging betref, is dit so dat 'n hof 'n onverteenwoordigde beskuldigde op sy reg van regsverteenwoordiging moet wys en hom moet aanmoedig om regsverteenwoordiging te verkry *(vide* S v Mbambo

21 (W) ), maar dit beteken nie dat die hof verplig is om die beskuldigde te verplig om regsverteenwoordiging te bekom nie waar hy sy eie verhoor wil behartig . Om die minste moet die hof die beskuldigde behoorlik inlig oor sy regte en dit blyk duidelik uit die oorkonde dat dit gedoen is. Verder, nêrens tydens die verhoor het die appellant gewag daarvan gemaak dat hy onverdedig was nie. Derhalwe kan hierdie punt nie slaag nie.

Wat die ander punt oor die ketting betref, het die Landdros bevind dat die direkte getuienis oor die steekwond ooreengestem het met die getuienis ten aansien van die lykskouing en die wyse waarop die oorledene oorlede is.

Mnr van der Westhuizen, namens die Respondent, het betoog dat daar geen twyfel oor die oorledene se identitiet is nie en wat presies die oorsaak van die dood was.

Terwyl dit wel so mag wees is die stuk getuienis wat ontbreek die uitkenning van die oorledene wat dan die nexus tussen sy opname by die kliniek en die lykskouing sou bind. Daar is geen bewys dat die persoon waarop die lykskouing gedoen is die oorledene is nie behalwe dat sy naam op Bewysstuk C staan. Daar moet ook nie uit die oog verloor word nie dat die appellant ontken dat die oorledene dood is as gevolg van bloedverlies vanuit 'n raakgesteekte hart en long en 'n mens sou verwag het dat die ketting dus behoorlik bewys word veral in die lig daarvan dat die appellant tydens die verhoor onverteenwoordig was, dat hy die lykskouingsverslag ontken het en dat daar geen getuienis was dat die persoon wat vanaf Mangweni Kliniek na Tonga gestuur is dieselfde persoon was wie oorlede by Tonga Hospitaal aangekom het en waarop die lykskouing gedoen is nie. Dr Maseko is die persoon wat 'n pasiënt van Mangweni ontvang het met 'n steekwond in die bors. Sy het getuig dat hy reeds oorlede was toe hy by Tonga Hospitaal aangekom het, maar kon sy glad nie hom identifiseer nie en haar verslag (Bewysstuk B) meld ook nie 'n naam nie.

Ek is egter van oordeel dat die getuienis as geheel gesien moet word en
nie in klein onverwante kompartemente nie. Gesien in die geheel, klop die
lykskouingsverslag met die getuienis dat die oorledene een keer met 'n
es in die regter bors gesteek is. Sibiya se verslag meld ook dat die oorledene na Tonga
Hospitaal gestuur is.

Ek kom dus tot die gevolgtrekking dat die skuldigbevinding korrek is.

Wat die vonnis van 10 jaar betref moet in ag geneem word dat die appellant ter versagting getuig het dat:

t. -. *Wat gebeur het is nie iets wat ek dit opsetlik gedoen het nie en ek was nie 'n gevaarlike persoon nie.* " Hy het oor sy persoonlike omstandighede getuig en die hof a *quo* het dit alles in ag geneem, asook die feit dat hy in hegtenis was vir 18 maande, en bevind dat dat daar wesentlike en dwingende omstandighede teenwoordig was om 'n minder vonnis as die voorgeskrewe vonnis te regverdig en 'n vonnis van 10 jaar gevangenisstraf opgelê.

Daar is geen rede om hiermee in te meng nie en is die vonnis gepas in die omstandighede.

Gevolglik word die appèl op beide skuldigbevinding en vonnis van die hand gewys.

I concur

**B NEUKIRCHER (AJ)**

C A DA SILVA (AJ)